

Nomades Nuusbrief

... Einde Oktober 2012 ...

Goeiedag alle Stappers.

Dankie aan Erika vir die stapverslag van Mosamane, ons waardeer dit baie.

19-21 Oktober 2012. Mosamane.Naweek stap.

17 Stappers het opgetrek na Mosamane tussen Rosendal en Ficksburg, sowat 390 km vanaf Pretoria. Hierdie keer was ons egter nie soos sardiens in 'n oorvol sardiensblikkie gedruk nie. 'n Redelike groot hut met twee groot kamers, heerlike spasie tussen die beddens. 6 storte, 6 toilette was tot ons beskikking. Daar is 'n goed toegeruste kombuis met die nodige. Die arme yskas is klein, maar ek glo hy het uitgesit tydens verhitting-almal se goedjies het uiteindelik ingepas.



Eie aan die oos-Vrystaatse roetes, is

sandsteen volop. Dis 'n pragtige roete, mens sien Tiaan Strydom se hand in die uitlegging daarvan. Dit beskik oor genoeg leertjies, kettings en selfs ysters wat in rotse inge-"toor" is om stappers te help om elke vierkante millimeter op die roete waar te neem. Dis ook pragtig om in die groen omgewing te stap. 'n Paar beginners het van 'n korter afdraipaadjie gebruik gemaak. Dis 'n goeie roete vir beginners, bietjie klim, bietjie af, bietjie lere klim en aan kettings optrek. Bo-op berg is heerlike waterpoelletjies vol water, veral een in die vorm van Afrika (Ons het die poel "Goliat se voet" gedoop.) waarin moeë voete 'n welverdiende lafenis kon kry.



Vanaf bo-op berg is daar pragtige uitsig oor die ongerepte Vrystaat! Roete is goed gemerk.

Na 'n lekker kuier-en-braai-aand was die ou spulletjie nogal vroeg in kooi om Sondagoggend wakker te word terwyl 'n sterk wind buite woed. Slegs 3 (Wilna, Marius, Jannes) van die 19 waag dit om die skatte (wat hopenlik hul plekke kon behou na die wind) te gaan soek. Na 'n uur se stap en 3 km later kom hulle by die hut aan. *Net-Net die groot reën gemis.* 5 van ons was nog by hut en is toe ryklik beloon

met gratis koffie (as beloning vir ontdekte skatte) by die ou Handelshuis. (Rosa) in die Rosensekal dorpie. Ons naweek is afgesluit met heerlike ontbyt aldaar.

Erika Barnard 2012/10.

Sondag Oggend se Skattejag sal ek, Marius net 'n bietjie invul op.

Sondag oggend sowat 8:30 pak 'n paar van ons die Geocaching roete op die plaas aan. Charmaine (die roete bestuurder) het ons gesê die eerste wenk is by die melkkan by die voordeur van die basiskamp.

Daar is 2 opsies. As jy nie 'n GPS het nie, 'n daar 'n wenke wat jou rigting gee na die volgende wenk, bv. "Stap af met die grondpad tot by die hek. Kyk onder by die linkerkantste sandsteenpaal vir jou volgende wenk". Opsie twee is net 'n GPS koördinaat. S 25g 34' 59.2", E028 23' 26.4".

In leke terme, Suid, 25 grade, 34 minute en 59.2 sekondes. Stel jou GPS in op die D GG MM SS.s formaat en tik noukeurig die koördinaat in. Maak dubbel seker, anders sal jy heel dag rondloop en niks kry nie.

As jou GPS se battery nie voor die tyd pap raak nie of jy heeltemal rigting beduiweld is en verdwaal nie, sal jy die rugting pyljie op die GPS nou kan volg, en kan sien dat die afstand na jou eindbestemming al hoe kleiner word met elke tree wat jy in die regte ringting gee. Jy sal beloon word, soos in ons geval na 'n stywe klimmetjie op in 'n kloof sowat



800 meter vanaf ons laaste wenk met 'n spesiale plekkie op die plaas. Ons koördinaat het ons gelei 'n baie mooi ronde oorhang, wat nie deel van die gewone staproete is nie en ons dus sou mis as ons nie die Geocaching ding gedoen het nie. Binne 'n paar meter van die gegewe koördinaat sal jy dan nog 'n plastiek vind met die koördinaat (of teks nota) na die volgende juweeltjie op die plaas. Wees gewaarsku, jy gaan nie noodwendig op paadjies loop nie, paadjies loop nie noodwendig in die regte ringting nie, en as jy moet bundu bash, is dit alles deel van die pret en die ervaring. Moet geen merkers langs hierdie pad verwag nie. Trek verkieslik 'n langbroek of kamaste aan, die grasse en bosse kan maar lelik krap.

Jy mag dalk ook gelukkig genoeg wees om 'n geskenkbewys vir aankope op die dorp te 'wen'/verdien as jy die 'skat' gevind het. Die roete eienaars sê as jy al die skatte soek sal die Sondag oggend skattejag jou so 4 ure neem. Neem kennig Mosamene se skatte in 'Privaat skatte' en is nie gepubliseer op www.Geocaching.com se webtuiste nie. Gaan kyk gerus op hierdie webtuiste rond en begin skatte regoor die wêreld te soek. Sien Blokkie onder te meer info.

Marius Stander.

Geocaching...

In die wêreld is daar ook 'n groter organisie van Geocaching (www.geocaching.com) waar jy gratis kan registreer, 'n gebruikers naam (nickname) kan kies en dan toegang het tot oor die miljoen skatte wat sedert 2001 oral in die wêreld weggesteek is. Sien ook www.geocachingsa.com vir Suid-Afrikaanse webtuiste. Die skat-eienaar registreer sy skat met 'n beskrywende naam, die grootte van die skat, die moeilikheidsgraad en toeganklikheid van die skat. Die GPS koördinate word dan ook gegee asook 'n wenk wat jou of direk na die skat lei, of jy moet eers 'n raaisels van 'n soort oplos voordat jy die finale koördinaat het. Die Wenk is soms ok geinkrepteer en die letters moet eers geskommel word. Baie Skatte word ook opgedra aan 'n spesifieke gebeurtenis. Byvoorbeeld op die Atterbury weg verlenging in Pretoria is 'n ou verlate skip, op 'n ou verlate erf, VER van enige water af. Niemand ken die verlate skip se geskiedenis nie, maar iemand het binne in die ou skip wrak 'n skat (Geo Cach) geplaas ter ere aan 'n Titanic. Op die webtuiste soos be genoem, word doen baie skat eienaars/plasers dan ook groot moeite om die geskiedenis van bv die Titanic of die natuur reservaat of rivier of plek waar die skat gevind is te lys.

'n Vinder van 'n skat kan ook iets uit die skat verwyder en dit met 'n soorgelyke of beter waarde vervang. b.v. Neem die plastiek karretjie en sit 'n Golfbal daarin.

Op hierdie manier 'wys' 'n plaaslike persoon dan ook vir die wêreld sy omgewing en vertel die geskiedenis en oorsprong van plekke en mense en dinge in en rondom die skat/plek.

Daar is dan natuurlik ook 'n hele 'taal' geskep om die hele spel. bv. TFTC = Thanks for the Cach, NF=Not find, TNLN, Take Nothing, LEft nothing.ens. Die verkorte taal word veral ook gebruik deur persone wat hulle slimfone wat met GPS en GPRS toegerus is om die skatte te cing en dan 'n spesiale applikasie soos C.Geo te instaleer. Die Soeker kan dan sy foon gebruik om eerstens die koördinaat van die skat te kry, dan met behulp van die kompas in die toepassing die skat te vind en laastens kan die soeker dan 'n nota los / die log invul op die web om te sê hy was daar, hy het die skat gekry en die skat-eienaar te bedank en dalk iets meer oor sy

soek-ervaring te vertel. Al die 'logs' van persone wat skatte gevind het, is dan op die webtuiste beskikbaar vir die volgende persoon wat die skat gaan soek om dit ook te lees en so te deel in al die vorige 'vindings' se ervaring. Gaan besoek gerus die webtuiste en speel saam.

Klub Finansies :

Inbetaling van Stappers :	R 4,330.00	Hoofsaaklik Mosamane (Okt 2012 stap).
Uitbetaling na roete eienaars :	R 5,475.00	Mosamane Finaal, + 2 Depositos vir 2012.
Rente verdien :	R 2.00	
Bankkoste :	R 1.95	Kennisgewings van betalings aan Jacana en Anvi.
Einde September Saldo :	R 8,410.04	

Voorlopige Stap Statestiek vir 2012.11.02

Bald Ibis uitgesluit, Stransloper ingesluit, het die Nomades al oor die 4143Km gesamentlik vir die jaar gestap. 67 verskillende persone het saamgestap, en ons het 440 persoon nagte bespreek.

Die hoogste Kilometers geloop per person volgens my rekord was 281Km die 2de 271 km en dan 3de 211 en daarna 182Km...

Hier en daar moes ek kilometers skat, so ek kan 'n paar uit wees na kant, maar dit is baie naby. Ek sal na Bald Ibis die getalle updateer en op die Jaareindfunksie meer detail gee.

WEBTUISTE

Die jaarprogram van 2012 is opgedateer met die laaste veranderings aan die roetes gestap en die mense wat saamgestap het. Die laaste beskikbare 2013 voorlopige program is ook gelaai. Wees asb geduldig met ons, die meeste van die 2013 moet nog bespreek word en daar is nog 'n klein kans dat ons van die roetes sal moet verander, maar ons sal u inlig sodra alles bevestig is.

Op die LEDELYS deel van die webtuiste het ek die ledestatus opgedateer, die 2012 lede is nou aangedui EN ek het begin om julle FOTOS by te voeg, dit sal sekerlik nog 'n tydjie duur voordat ek van elkeen 'n billike foto het. As jy werklik nie van jou foto hou nie of dit is nie op die webtuiste nie, stuur asb vir my 'n foto en ek sal dit verwerk om in te pas. BAIE dankie solank vir u samewerking. sien www.nomades.co.za en kies Ledelys. Onthou die kodewoord is ons vorige voorsitter se naam met die eerste 'H' 'n hoofletter.

Jaarafsluiting

Ons jaar afsluiting sal vanjaar in die vorm van 'n bring en braai wees by my werkplek in Rubenstein Rylaan 909, Moreletapark. Daar is 'n lekker lapa en twee swembaddens beskikbaar. Ons sal nader aan die tyd net reël of vra vir mense om te help om bv braaiers, bykosse en dalk 'n ekstra tafel of twee te bring. Daar is heelwat parkering en dan ook genoeg afdakspasie dat as dit dalk sou reën, sal ons kan voortgaan.

Nuttige Telefoon nommers

Hans het ook vir ons die volgende noodkontak nommers van die Bergklub van SA gegee wat sal kan help om jou uit te kry en hulp te kry in 'n noodgeval op 'n stap. Stoor dit gerus op jou selfoon, veral as jy in bergagtige area stap met min of geen ontsnaproetes. 074 125 1385, 074 163 3952, 011 315 0203. Dankie Hans, ons hoop ons hoef dit nooit te gebruik nie.

Onthou gerus ook Magalies Voetslaan se streeksaand elke laaste Dinsdag aand van die maand by Tukkie's. Sien gerus www.magalieshiking.co.za

Groete en sien julle binnekort op 'n volgende stap of klub aand.

Marius Stander

ms@itt.za.com

S : 083 305 6223, W : 012 998 6267 x 116

Nomades Voetslaanklub

Finansies, Nuusbrieff en Webmeester.

WWW.NOMADES.CO.ZA